

Meester-misoes knak slagoffers

■ Hulle kan nie hul daaglikse uitgawes sonder dié geld dek nie
 ■ 'Dis soos 'n swart gat in die ruimte: alles gaan in, niks kom uit'



Die Salu-gabou in Pretoria, waar die hoofstad se meesterskantoor is. (FOTO: ELIZABETH SEJAKE)




Lang tye mense buite die kantoor van die meester in Pretoria is 'n alledaagse gesig, met net 'n breekdeel van die toonbanke wat beman word.

hul waar daar nie genoeg beddens vir almal is nie. Die ma raap en kraap met 'n

en wat aansoek gedoen het om die Modise-trust te bestuur, was een van sewe regpersone wat as

aan Rapport gesê dat kuratorstasie hoop op baie laag is, en daar dus min persone is wat be-

Probleme by Meesterskantoor (28 Mei 2018 tot 25 April 2022)



Meester-krisis knou hele ekonomie

Cloete Murray, Sechaba Trust, skryf:

Die wye impak van die probleme by die Meester van die Hooggeregshof se kantore waarvoor *Rapport* verlede week berig het, durf nie onderskat word nie.

Bo en behalwe die erge lyding en finansiële verknorsing wat dit vir individuele slagoffers veroorsaak, knou die krisis ook die land in sy geheel deur miljarde rande se kapitaal uit ons sukkelende ekonomie te hou.

Die Meester speel 'n kernrol in die insolvensieproses en dit is sy plig om die eerste vergadering van skuldeisers te adverteer en te belê. Selfs voor die huidige probleme was die Meester hopeloos agter met dié proses. Dit beteken dat honderde insolvente boedels nie geadmineistreer kan word nie.

Die Meester moet die likwidasië- en distribusierekening (die dokument ingevolge waarvan skuldeisers - banke, die SAID, werknemers - dividende ontvang) goedkeur. As gevolg van verskeie redes word die proses vir maande vertraag.

Die redes sluit in die groot aantal vakante poste; onbeholpe, onervare en korrupte amptenare; en 'n gebrek aan behoorlike bestuur van die Meester as 'n organisasie. Die onlangse skorsing van twee senior en baie bekwame amptenare vererger die probleem.

Daar is nog 'n handjievol bekwame mense in die Meesterskantoor, maar hulle is oorwerk en vuisvoos.

Ons word daaglik oorval met oproepe van werknemers wat eise het in insolvente boedels en wat dringend hul

geld nodig het. Die meeste van die mense kon nooit weer werk kry ná die likwidasië van die maatskappy nie. Dit is hartverskeurend om vir hulle te sê "Jammer, ons wag vir die Meester", maar dit is die realiteit.

Daar is miljarde rande wat vasgevang is in die insolvensieproses en daardie kapitaal word in werklikheid uit die ekonomie gehou. Die insolvensie-praktisyns, hoe goed hulle ook al is, kan nie die proses behoorlik administreer en bestuur sonder dat die Meester sy rol in die proses speel nie.

Een van die fundamentele aspekte waarna buitelandse beleggers kyk voordat hulle beleggings maak, is die proses wat beskikbaar is indien 'n belegging nie suksesvol is nie. Met ander woorde, wat kan gedoen word om hul belegging terug te vorder. Die tragiese stand van ons likwidasiëprosesse het 'n regstreekse uitwerking op SA Ing se vermoë om direkte buitelandse beleggings te werf.

Ek verstaan die chaos by die bestower-boedel-afdeling is dieselfde, indien nie erger nie. Ons kry gereeld oproepe van mense wat desperaat is om 'n ekskuteursbrief te kry, omdat die bates van die boedel tot niet gaan aangesien die geld wat nodig is om die bates te onderhou vasgevang is in die boedel. Dan praat ek nie eens van die eggenote en minderjarige kinders wat ook ly nie.

As iemand wat self in die tagtigerjare in die Meesterskantoor gewerk het, kan ek getuig: Dis nié hoe dinge moet werk nie.